**Huiswerkvel 14 (Hoofstuk 7)**
**Sinsoorte, Bywoordelike bepalings, Woordeskat en Redigering**

1. Benoem die sinsoorte in elk van die volgende sinne:

1.1Die Kaapse Klopse paradeer elke jaar op die tweede dag van Januarie in Kaapstad se strate.
1.2 Het jy al ’n vertoning van die “Gumboot”-dansers gesien?
1.3 Sorg dat jy dadelik ’n kaartjie vir die Wupperthal se Stoftrappers koop!
1.4 Tafelberg is een van die sewe natuurwonders van die wêreld.
1.5 Bly nou stil; ek kan nie hoor wat die toergids sê nie!
1.6 O, maar dit is ’n pragtige gesig!

2 Skryf die onderstreepte bywoordelike bepaling uit elke sin neer en dui ook aan watter soort bepaling dit is.

2.1 *Gumboots*, ’n Suid-Afrikaanse dansvertoning, het pas teruggekom van ’n suksesvolle toer <u>in Amerika en Europa</u>.
2.2 Dié rubberstewel-dansers het hul passies <u>sommer dadelik</u> op aanvraag van die publiek weer op Suid-Afrikaanse verhoë herhaal.
2.3 *Gumboots* se dansers klap hier en doef daar teen hul stewels terwyl hulle <u>met</u> <u>baie energie</u> die doef-daf-ritme uittrap.
2.4 Die verhouding tussen die spanleier en die ander werkers in die myn word <u>op</u> <u>meesterlike wyse</u> deur die dansers uitgebeeld.
2.5 Dansers beeld <u>elders in stede en dorpe van ons land</u> hierdie betowerende dans op die maat van ghitare, konsertinas en sang uit.
2.6 Die Gumboot-dansgroep beïndruk <u>op die oomblik</u> gehore in Johannesburg.

3. Woordeskat: Voltooi elke sin met ’n gepaste woord uit die blokkie:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **amfiteaters** | **swerwers** | **ikone** | **hartklop** | **eeue** | **balans** | **besienswaardigheid** |

Vir (3.1) ........... lank was die Khoisan-mense van die Noord-Kaap (3.2) .................. wat nooit op een vaste plek gebly het nie. Hulle het daarin geslaag om in gesonde (3.3) ........... met die natuur te leef en net daaruit te haal wat hulle nodig gehad het. Die (3.4) .............. van hul bestaan word vandag in hul rieldanse uitgeleef en die rieldansers word as ’n (3.5) ............................... van die Noord-Kaap beskou. Die dansers tree as deel van die ATKV se jaarlikse kompetisie in (3.6) ....................... oor die land op.

4. Skryf die volgende sinne oor en verbeter die foute wat daarin voorkom. Onderstreep die dele van die sinne waar jy verbeteringe aangebring het.
4.1 Die mense wie van die Kaapse Klopse hou, hou daarvan om hul vertonings in die Kaapstad-stadion by te woon.
4.2 Die helderkleurige kostuums en die opgemaakte gesigte van die Klopse trek meerder aandag as hul musiek.
4.3 Die beoordelars kies die beste groep en kondig dit oor die microfoon aan.

Hierdie bladsy mag gekopieer word.